Die groot Visioenêr verseker dat alles nie maar dieselfde bly nie.

Teks: 2 Petrus 3: 1 - 13
Teksvers: 2 Petrus 3: 3 & 4

1. Inleiding

'n Visioenêr is nie 'n algemene Afrikaanse woord nie. Daar kan selfs 'n saak daarvoor gemaak word of dit werklik goeie Afrikaans is. Maar in kort is 'n Visioenêr iemand wat 'n beter toekoms skep. Let wel 'n Visioenêr is 'n iemand en nie 'n iets nie. En deur die geskiedenis is hierdie mense met kritiek ontvang. Dink maar vandag nog aan die gewildheid van iemand wat werklik die wêreld 'n beter plek wil maak. Dan praat ons van 'n beter plek gemeet aan God se standaard, nie dit wat mense sommer besluit het goed is nie.

Maar waaraan kan die oortuigings en aksies van 'n Visioenêr dan gemeet word? Ja, selfs voor Sy werk nog voltooi is. Wel 'n goeie begin punt is 'n eerlike omgang met die geskiedenis. En dan om dit wat voorgestel en aangepak word, te meet teen dit wat in die Geskiedenis gebeur het. Is dit in lyn met die goeie van die Geskiedenis of eerder in lyn met dit wat verkeerd en sleg was in die geskiedenis. Maar soos ons sê moet daar eers 'n eerlike goeie weergee van die geskiedenis wees, waaraan gemeet kan word.

Laastens is die behoefte aan 'n Visioenêr juis groot tydens 'n moeilike tyd. Want dit is juis dan wat 'n Visioenêr, 'n duidelike verlossings rol kan speel. Tog aan die anderkant van die saak is hierdie moeilike tye ook nodig vir verandering. Wanneer alles eenvoudig voor die wind gaan, is daar meestal geen rede om te verander nie. Die laaste saak is dat verandering nie vinnig geskied nie. Werklike sinvolle verandering vat tyd.

Nou dat ons 'n paar grondbeginsels vir 'n ware Visioenêr neergelê het, kom ons gaan leer die enigste ware Visioenêr ken. Kom ons gaan kyk na die verandering wat werklik saak maak in 2 Petrus 3. Want ongelukkig waarsku die teks ons ook teen ander rolspelers.

2. 'n Beter toekoms

Hierdie ander rolspelers waarna ons verwys is spotters, dwaalleraars, valse profete of wat ons hulle ook al wil noem. En hoe ken ons hulle uit? Wel volgens ons teksvers, is hulle die mense wat krities staan teenoor enige visioenêr. Hulle sê volgens vers 3 dat alles van die begin van die skepping af maar dieselfde is. Dat menslike generasies gebore word en sterwe maar tog verander niks nie. Op alle gebiede is dit eintlik belaglik.

Maar as ons na die geloofswerklikheid kyk was daar tog duidelike kosmiese veranderings wat hierdie stelling eers belaglik maak. Vers 5 en 6 herinner ons aan die sondvloed. Die vloed wat alreeds 'n oordeel vel oor die mens in vers 6. Duidelik is alles nie dieselfde as aan die begin van die skepping nie. So hier verloor die kritici eintlik alreeds die eerste rondte. Wanneer hulle so verkeerd is oor die geskiedenis, is dit regtig die moeite werd om hulle te glo oor die toekoms?

Genadiglik is daar ander mense wat geglo kan word. Die teks openbaar ook aan ons wie dit is. Die profete en apostels. Met ander woorde die mense wat ons vandag ken as die outeurs van die Bybel. Mense wat die wil van die Here aan ons openbaar. Wanneer ons dan die Woord van die Here bestudeer is dit duidelik dat daar vir 'n uitverkiesde groepie mense 'n beter toekoms bestaan. Profeties word dit al aan ons geopenbaar in die gebeure rondom Noag. Dit speel so integrale rol in die lewe van 'n Gereformeerde dat ons selfs 'n verwysing hierna het in ons

doopformulier. Hierdie verbondslyn van genade ly ons dan reguit na die ware visioenêr en weer juis van Hom af ook verder. Hierdie visioenêr is niemand anders as ons Here Jesus Christus. Want dit is net as gevolg van Sy verlossingswerk aan die kruis dat daar ’n beter toekoms op ons wag.

3. Hoop ondanks wat beleef word

Tog leef ons as verloste mense, maar dit is nie maklike lewe nie. Dit is ook juis die posisie van hierdie eerste aanhoorders van Petrus. Hier om en by 68 nC waar hulle hierdie brief ontvang gaan die nie baie goed nie. Die hele tema van die brief is juis moed, ondanks die moeilike omgewing rondom hierdie jong gelowiges. Op die gebied van die alledaagse lewe gaan dit maar moeilik met hierdie mense.

Iets hiervan is selfs te bespeur in die spesifieke dwaalleer wat in ons teksverse verkondig word. Dit is ’n boodskap van moedeloosheid. Die idee dat alles maar gewoon voort gaan, generasie na generasie mense wat lewe, is duidelik negatief. Want alhoewel hierdie konstante vorm waarin alles voortgaan beteken dat niks versleg nie, beteken dit tog duidelik ook dat niks eintlik ook verbeter nie. So wanneer mense dus in ’n slegte situasie is, is daar nie hoop nie.

Die ander ding wat ’n mens maklik laat hoop verloor is tyd. Ja, daar word gesê dat tyd alles genees. Maar ’n lang tydsduur kan ook ’n afbrekende effek op hoop en verwagting hê. Daarom is dit belangrik dat Petrus dit duidelik maak, dat die wederkoms van die Here nie van die mens horlosies en kalenders afhang nie. Om die verwyderdheid tussen ons idee van tyd en die Here te maak, word die 1000 tot 1 vergelyking gebruik. En natuurlik moet ons nie gebruik as ’n formule om die wederkoms te bepaal nie. Dit sou immers nie inlyn wees met vers 10 nie. Die dag van die Here kom onverwags soos ’n dief in die nag.

Tog aan die einde van die lang tyd is die genade daar vir die gelowige. En dit is iets waaraan die gelowige hoopvol kan vashou. Daar is werklik hoop, ondanks wat nou beleef word. Want daardie hoop is vir ons gekoop deur die bloed van die enigste ware Visioenêr se bloed aan die kruis.

4. Suiwering in die smeltkroes

Soos ons reeds gesê het, is dit duidelik dat tye moeiliker sal word soos wat ons die einde nader. Iets hiervan word geopenbaar in die feit dat mense volgens hulle eie begeerlikhede sal lewe. En ons ken ongelukkig die sondigheid van die mens. Die begeerlikhede van die mens is nie goed nie, en strek gewoonlik tot die nadeel van ’n ander. Saam met die gebrokenheid van die wêreld skep hierdie sondige begeertes van die mens dan die slegte omstandighede waarin die mens moet leef.

Tog is daar sprake van bewaar in ons teksgedeelte. Volgens vers 7 bewaar die Here die aarde. Natuurlik met die oog op die finale oordeel. Hierdie bewaring beteken natuurlik dat alles nie nou al uitmekaar val nie. Net soos die algemene genade, anargie verhoed. En die feit dat anargie verhoed word, gee ons die geleentheid om darem nog kerk van die Here hier op aarde te wees. Dit is natuurlik heeltemal in lyn met vers 9. Die Here stel nie die vervulling van Sy belofte uit nie. Hy is eintlik net lankmoedig, en seën die sondaar met nog genade tyd, waarin die Heilige Gees die bekering in hom/haar kan werk.

Maar in lyn met die oorkoppelende gedagte in die petrusbriewe, is hier ook die smeltkroes gedagte. Ons ken die wegsmelt proses in die verwerking van metale verduidelik. Alle onsuiwerhede word weggebrand en dan bly die waardevolle metaal oor. Dit is ook die gedagte rondom moeilike tye in die Petrus briewe, swaartye is hierdie smeltkroes. Dit

is dan wanneer die onsuiwerhede weggebrand word. En daarom het moeilike tye soms die smeltkroes effek op ’n mens se geloof. Iets hiervan is ook al aangevoer in die moeilike vertaling van vers 10. In die oorspronlike teks eindig vers 10 met die griekse woord wat gevind beteken. Daarom is ’n vertaal moontlikheid dat die aarde en alles daarop weggebrand sal word sodat uiteindelik net die ware gelowiges gevind kan word.

5. Slot

Ons kan die preek afsluit met die gedagte dat die groot verskil tussen ’n gelowige en ongelowige toekoms verwagting is. Die ongelowige lewe dikwels uit die fatalistiese en eintlike pessimistiese wêreldbeeld van ’n konstante werklikheid. Die feit dat niks eintlik ooit verander nie. Dat die huidige generasie eintlik ook maar net dieselfde foute as vorige generasies sal maak. En sonder geloof is dit ook die waarheid.

Maar vir die gelowige het die groot Visioenêr ons Here Jesus Christus die toekoms vir ewig kom verander. En hierdie verandering is geweldig positief. Dit is daardie genade wat ’n sondaar mens uitruk soos ’n brandhout uit die vuur wat alreeds brand. Soos wat Amos en Sagaria ook vir ons beskryf. Want die vuur is nog nie uitgebrand nie, daar is nog genadetyd oor. Tyd waarin die getal uitgekiesde mense volledig kan word volgens vers 9.

Tog is daar steeds vir ons hoop, ook hier waar ons vandag in smeltkroes van beproewing verkeer. Betroubare bronne vertel aan ons dat daar in hierdie moeilik tyd ’n geweldige opleef in die geloof in Engeland is. Dat na beraming word aanlyn dienste en bybelstudies deur 1 uit elke 4 britse burgers bygewoon op hierdie stadium. Duidelik die suiwerende effek wat beproewing op geloof kan hê.

Daarom moet nie vandag moet verloor in die moeilike omstandighede waarin ons leef nie. Al voel dit of die een berig van slegte nuus, na die ander oor ons spoel elke dag. Daar is hoop want ons is verlos in die lewe en sterwe van die groot Visieonêr. Ons Here Jesus Christus wat werklik die toekoms vir ons kom verander het. Wat die liefde van die Vader aan ons kom openbaar het, toe Hy vir ons sondes gesterf het. En dit maak nie saak hoe die wêreld geskiedenis probeer herskryf nie. Die poorte van die hel sal nie hierdie belydenis oorweldig nie.

Amen